(e) Should a member fail to return an art print within the period for which the art print has been lent to him, he shall pay a fine as determined by Council from time to time in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 per week or part of a week during which such member fails to return such art print.

(f) A member is expected to report immediately to the librarian any damage done to an art print. A member shall be held responsible for any damage to an art print detected when it is returned by him. In the case of loss or serious damage, the member shall be liable to pay for the art print in accordance with the price of the print. The art print shall remain the property of the Transvaal Provincial Library and Museum Service or the council, as the case may be.

(g) No art print may be reserved.

Posting of by-laws in library

14. The librarian shall place a copy of these by-laws in a prominent place in the library and direct the attention of a person to whom a certificate of membership is issued, thereto.

Contraventions

15. Any person who —

(a) conducts or engages in audible conversation in any part of the library building to the annoyance of any other person in the library; or

(b) hampers, disturbs, obstructs or harasses any other person in the proper use of the library; or

(c) causes or permits any animal under his control to enter or remain in the library; or

(d) damages any part of the library building or the contents thereof; or

(e) furnishes a false name or address to the librarian for purpose of entering any part of the library or obtaining any benefit or privilege therefrom; or

(f) enters or remains in the library while unclean in body or apparel, or while suffering from any contagious or offensive disease or being under the influence of intoxicating liquor; or

(g) contravenes any other provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding fifty rand.

Repeal of by-laws

16. The Standard Library By-laws published under Administrator's Notice No 218 of 23 March 1966 and adopted by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas under Administrator's Notice No 994 of 7 December 1966 and which became the by-laws of the Town Council of Ellisras in terms of the provisions of section 159bis(1)(c) of the Local Government Ordinance, 1939, are hereby repealed.

J P WERASMUS
Town Clerk

Civic Centre
Private Bag X136
Ellisras
0555
10 July 1990
Notice No. 17/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2655

BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Die Stadsclerk van Ellisras publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Woordomskrewing

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken —

“biblioteek” die openbare biblioteek van die raad;

“bibliotekaris” die persoon deur die raad aangestel vir die uitoefening van beheer oor en die bestuur van die biblioteek en enigiemand wat behoorlik deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree;

“boek” enige biblioteekmateriaal en omvat 'n boek, tydskrif, dokument, drukwerk, nuusblad, film, prent en plaat;

“inter-biblioteeklening” enige “boek” wat van 'n ander biblioteek as die Sentrale Naslaanbiblioteek (Pretoria) en die Streekbiblioteek (Pietersburg) aangevra word;

“komitee” die biblioteekomitee aangestel ingevolge artikel 2;

“lid” enige persoon wie se naam op die lys van lede wat deur die bibliotekaris gehou word, verskyn;

“direkteur” die amptenaar aangestel ingevolge artikel een van die Ordonnansie op die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, 1951;

“raad” die Stadsraad van Ellisras en omvat die bestuurskomitee van die raad en enige beampte in diens van die raad wat optree kragtens bevoegdheid wat by die raad in verband met hierdie verordeninge berus en wat ingevolge artikel agt-en-vyftig van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiessings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige ander woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op die Transvaalse Provinsiale biblioteekdiens, 1951, en die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiessings), 1960, toegeken is, het daardie betekenis.

Biblioteekkomitee

2.(1) Die raad kan jaarliks op die datum gemeld in paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel sestien van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, 'n biblioteekkomitee (hierna die komitee genoem), aanstel, bestaande uit minstens drie lede, waarvan minstens een lid 'n raadslid is, om die raad van advies te dien oor aangeleenthede rakende die biblioteek.

(2) 'n Lid van die komitee word aangestel op grond van sy belangstelling en bekwaamheid in biblioteekaangeleenthede.

(3) Op sy eerste vergadering kies die komitee uit sy geledere 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter wat in die afwesigheid van die voorsitter presideer en waar beide die voorsitter en ondervoorsitter by enige vergadering van die komitee afwesig is, kies die komitee een van sy lede om te presideer.

(4) Die raad stel een van sy beamptes as sekretaris van die komitee aan.

(5) Die komitee vergader so dikwels as wat hy nodig ag, maar nie minder nie as een maal elke drie maande.

(6) Die meerderheid van die lede van die komitee vorm 'n kworum en alle vrae word met 'n meerderheid van stemme beslis. In die geval van 'n staking van stemme het die presiderende lid benewens sy beraadslagende stem, 'n beslissende stem.

(7) Die bibliotekaris is tydens 'n vergadering in 'n raadgevende hoedanigheid tot die beskikking van die komitee en kan, wanneer hy 'n vergadering bywoon, aan die bespreking deelneem.

(8) Die direkteur of sy verteenwoordiger kan enige vergadering van die komitee in raadgevende hoedanigheid bywoon en aan die bespreking deelneem. 'n Afskrif van die agenda en notule van elke vergadering van die komitee word, wanneer dit aan lede van die komitee beskikbaar gestel word, aan die direkteur verstrekk.

(9) Kennisgewing van 'n vergadering van die komitee geskied minstens drie dae voor die datum van so 'n vergadering aan lede van die komitee, die bibliotekaris en aan die direkteur.

(10) Behoudens die bepalings van hierdie verordeninge reël die komitee sy eie prosedure.

Lidmaatskap

3.(1)(a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b) en subartikel (2), kan die bibliotekaris aan enige persoon wat binne die regsgebied van die raad woon of werksaam is, of wat 'n belastingbetaler van die raad is, lidmaatskap van die biblioteek kosteloos verleen, mits so 'n persoon onderneem om hom te onderwerp aan die bepalings van hierdie verordeninge en die huishoudelike reëls van die biblioteek, deur die raad aanvaar.

(b) Die bibliotekaris kan lidmaatskap van die biblioteek verleen aan 'n voorskoolse of skoolgaande kind mits sy ouer of voog toestemming daartoe verleen en onderneem om goed te staan vir die nakoming deur so 'n kind van hierdie verordeninge en die huishoudelike reëls van die biblioteek, deur die raad aanvaar.

(c) Aansoek om lidmaatskap word gedoen op 'n vorm wat deur die bibliotekaris vir die doel voorgeskryf word.

(d) Die bibliotekaris reik 'n bewys van lidmaatskap aan 'n lid uit waardeur hy gemagtig word om so 'n aantal boeke op 'n keer, soos deur die bibliotekaris bepaal, uit die biblioteek te leen.

(e) By die vervanging van 'n bewys van lidmaatskap wat verlore geraak het, sal 'n tarief gehef word soos van tyd tot tyd deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel.

(f) 'n Bewys van lidmaatskap bly geldig vir 'n tydperk van drie jaar van die datum van uitreiking af, en die lidmaatskap van 'n persoon aan wie so 'n bewys uitgereik is, verval na daardie tydperk, tensy dit hernieu word.

(2) Die bibliotekaris kan lidmaatskap van die biblioteek aan 'n persoon woonagtig buite die regsgebied van die raad verleen op voorwaardes deur die raad bepaal.

(3) 'n Lid wat sy lidmaatskap van die biblioteek wil beëindig, besorg sy bewys van lidmaatskap onverwyld aan die bibliotekaris terug, by versuim waarvan hy ingevolge artikel 7 aanspreeklik gehou kan word vir alle boeke wat op so 'n bewys van lidmaatskap geleen word.

(4) Wanneer 'n lid van adres verander, stel hy die bibliotekaris binne sewe dae skriftelik van so 'n adresverandering in kennis.

(5)(a) Wanneer 'n lid se bewys van lidmaatskap verlore raak, stel hy die bibliotekaris onverwyld skriftelik daarvan in kennis en die bibliotekaris kan teen betaling van 'n bedrag, soos van tyd tot tyd deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel, 'n duplikaat van so 'n bewys uitreik.

(b) Indien 'n lid kennis gee ingevolge paragraaf (a), is sodanige lid, ondanks die bepalings van subartikel (1) van artikel 7, nie ingevolge genoemde subartikel aanspreeklik nie ten opsigte van enige boek wat na die datum van sodanige

kennisgewing teen die verlore bewys van lidmaatskap geleen word.

Uitleen van boeke

4.(1) 'n Boek word geag uit die biblioteek geleen te wees deur die lid teen wie se bewys van lidmaatskap dit geleen is.

(2) Niemand mag in besit wees van enige boek wat nie teen 'n bewys van lidmaatskap geleen is nie.

(3) 'n Boek wat die merk van die biblioteek dra, en waarop nie 'n amptelike aanduiding is dat dit uit die biblioteek onttrek, afgeskrywe of verkoop is nie, is die eiendom van die raad.

(4) (a) 'n Lid wat 'n boek uit die biblioteek leen, moet vasstel of so 'n boek nie beskadig is nie en, indien wel, vestig hy die bibliotekaris se aandag daarop.

(b) Indien by die terugbesorging van 'n voorheen onbeskadigde boek aan die biblioteek, bevind word dat so 'n boek beskadig is, kan die bibliotekaris bepaal dat die lid wat die boek laaste uit die biblioteek geleen het, dit deur 'n nuwe gelykwaardige eksemplaar of 'n eksemplaar wat vir die bibliotekaris aanneemlik is, vervang of die waarde van, of 'n bedrag ter vergoeding van die skade aan die boek deur die bibliotekaris bepaal, benewens enige boete of ander koste wat ten opsigte van so 'n boek verskuldig is, betaal en so 'n lid is dan verplig om die boek aldus te vervang of die waarde of bedrag deur die bibliotekaris bepaal, te betaal, na gelang van die geval.

(c) Die bibliotekaris plaas nie 'n beskadigde boek in 'n rak van die biblioteek wat bedoel is vir boeke wat deur 'n lid uit die biblioteek geleen kan word nie en leen nie so 'n boek uit nie.

(5)(a) 'n Lid kan enige boek, indien dit nie in die biblioteek se voorraad is nie, skriftelik as 'n spesiale versoek aanvra.

(b) Indien 'n boek op spesiale versoek deur middel van 'n inter-biblioteeklening verkry word, word hanteringskoste, soos van tyd tot tyd deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939 vasgestel, plus posgeld gehef.

Terugbesorging van boeke

5. 'n Lid besorg 'n boek wat hy geleen het, aan die bibliotekaris terug nie later nie as die veertiende dag na die datum waarop hy so 'n boek geleen het: Met dien verstande dat —

(a) die bibliotekaris die leentydperk van enige boek waarvoor daar geen aanvraag deur 'n ander lid is nie, na oorweging van 'n aansoek daarom deur die lid wat die boek geleen het, vir hoogstens twee verdere tydperke van hoogstens vyftien dae elk kan verleng;

(b) indien 'n lid wat 'n boek geleen het, dit onmoontlik vind om so 'n boek persoonlik terug te besorg, hy dit op 'n ander wyse kan terugbesorg;

(c) 'n lid nie 'n boek wat hy geleen het, langer hou nie as drie dae na skriftelike kennisgewing deur die bibliotekaris aan hom dat so 'n boek terugbesorg moet word.

Agterstallige boeke

6. Indien 'n lid nie 'n boek wat teen sy bewys van lidmaatskap geleen is, binne die tydperk vermeld in artikel 5 of enige tydperk ingevolge die voorbehoudsbepaling by daardie artikel deur die bibliotekaris bepaal, na gelang van die geval, terugbesorg nie, is so 'n lid aanspreeklik vir die betaling aan die raad van 'n boete, soos van tyd tot tyd deur die raad vasgestel ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vir elke week of gedeelte daarvan wat so 'n lid versuim om so 'n boek terug te besorg.

Verlore en beskadigde boeke

7.(1) Indien 'n boek verlore raak of beskadig word of ingevolge subartikel (2) geag word verlore te wees, is die lid teen wie se bewys van lid-

maatskap so 'n boek geleen is, bo en behalwe enige boete of ander koste waarvoor hy ten opsigte van bedoelde boek aanspreeklik is, aanspreeklik vir die betaling aan die raad van die aankoopprys daarvan of 'n bedrag ter vergoeding van die skade daaraan soos deur die bibliotekaris bepaal, tensy hy dit deur 'n gelykwaardige eksemplaar of 'n eksemplaar wat vir die bibliotekaris aanvaarbaar is, vervang.

(2) 'n Boek wat langer as twee maande na die datum waarop dit geleen is, gehou is en wat die lid wat dit geleen het versuim, nadat hy aldus per aangetekende pos versoek is, om binne sewe dae terug te besorg, word geag verlore te wees.

(3) 'n Verlore of beskadigde boek bly die eiendom van die raad al is so 'n boek vervang soos bedoel in subartikel (1) of die aankoopprys daarvan of die skade wat daaraan veroorsaak is, en enige boete of ander koste ten opsigte daarvan, ingevolge daardie subartikel aan die raad betaal.

(4) Geen verdere boek word aan 'n lid wat ingevolge subartikel (1) aanspreeklik is, geleen nie solank hy aldus aanspreeklik is.

Bespreking van boeke

8. 'n Lid kan 'n boek bespreek: Met dien verstande dat geen boek vir 'n langer tydperk bespreek word nie as die tydperk vermeld in die kennisgewing wat aan die lid gestuur is dat die bespreekte boek beskikbaar is.

Versorging van boeke

9. 'n Lid wat 'n boek geleen het, is verplig —

(a) om so 'n boek in 'n ongeskonde en skoon toestand te hou; en

(b) om toe te sien dat die blaie daarvan nie gevou of op enige wyse beskadig word nie.

Blootstelling van boeke aan aansteeklike siektes

10.(1) Niemand wat aan 'n aansteeklike siekte ly, mag enige boek van die biblioteek leen of hanteer nie, en niemand mag toelaat dat enige ander persoon wat aan 'n aansteeklike siekte ly, 'n boek wat aan hom geleen is, hanteer nie.

(2) Iedereen wat in besit is van 'n boek van die biblioteek wat blootgestel was aan 'n aansteeklike siekte, moet die bibliotekaris onmiddellik in kennis stel dat die boek aldus blootgestel was.

Naslaanafdeling en leeskamer

11.(1) Boeke in die naslaanafdeling en leeskamer van die biblioteek word slegs binne die lokaal wat die raad vir die doel beskikbaar stel, gebruik en word alleen met die toestemming van die bibliotekaris daaruit verwyder.

(2) Indien 'n naslaanwerk wél met toestemming uitgeneem word, moet dit die volgende dae, of die Maandag daarna, in die geval van 'n naweek, terugbesorg word.

(3) Indien 'n naslaanwerk, ingevolge subartikel 2 verwyder, langer as 'n dag uitstaande is, word 'n boete, soos van tyd tot tyd deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel, per dag per boek gehel.

DIE UITLEEN VAN PLATE

12.(1) Aansoek om lidmaatskap

(a) Volwasse lede van die publiek kan deur die voltooiing van die voorgeskrewe lidmaatskapvorm aansoek doen om die leen van plate.

(b) Drie bykomende lenersakkies word aan elke goedgekeurde lid verskaf met die duidelike aanduiding "PLATE/RECORDS" daarop aangebring.

(2) Reëls en voorwaardes

(a) Plate word gratis aan goedgekeurde lede beskikbaar gestel.

(b) 'n Lid kan drie plate of in die geval van stelle, een stel per keer vir tuisgebruik leen.

(c) Die leentydperk vir plate is twee weke.

(d) By verstryking van die leentydperk in subitem (c) genoem, kan sodanige plate vir 'n verdere tydperk van twee weke aan sodanige lid geleen word.

(e) Indien 'n lid versuim om 'n plaat binne die tydperk waarvoor dit aan hom geleen is, terug te besorg, moet hy 'n boete, soos van tyd tot tyd deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel, betaal vir elke week of gedeelte van 'n week wat so 'n lid versuim om die plaat terug te besorg.

(f) Plate mag nie aan direkte sonlig of enige hitte blootgestel word nie en moet, wanneer dit nie gebruik word nie, binne die omslag gehou word.

(g) Slegs 'n diamant- of saffiernaald mag gebruik word vir die speel van plate.

(h) Van 'n lid word verwag om enige beskadiging aan 'n plaat onmiddellik aan die bibliotekaris te rapporteer. 'n Lid word verantwoordelik gehou vir enige beskadiging aan 'n plaat wat ontdek word wanneer die lid die plaat terugbesorg. In geval van verlies of ernstige beskadiging bly die lid aanspreeklik vir die vergoeding van die plaat ooreenkomstig die prys daarvan. Die plaat bly die eiendom van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens of die raad, na gelang van die geval.

(i) Plate moet van en na die biblioteek in 'n draagsak of houër, vir hierdie doel verskaf, vervoer word. Lede moet hierdie houër inhandig.

(j) Plate uit die voorraad van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens of die raad, kan by musiekaande en dergelike byeenkomste gebruik word, mits sodanige byeenkoms in die aktiwiteitskamer van die biblioteek, volgens die bepalinge van die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No 63 van 1965), gehou word.

(k) Ingevolge die bepalinge van voorge-noemde Wet, maak 'n persoon hom skuldig aan 'n misdryf wanneer hy 'n reproduksie maak van enige plaat wat van die Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens of die raad geleen word.

(1) Geen plate kan gereserveer word nie.

DIE UITLEEN VAN KUNSAFDRUKKE

13.(1) Aansoek om lidmaatskap

(a) Lede van die publiek kan deur die voltooiing van die voorgeskrewe lidmaatskapvorm aansoek doen om die leen van kunsafdrukke. In die geval van afhanklike kinders moet die aansoekvorm deur die ouers of voog mede-onderteken word.

(b) Twee bykomende lenersakkies word aan elke goedgekeurde lid verskaf met die duidelike aanduiding "KUNSAFDRUKKE/ART PRINTS" daarop aangebring.

(2) Reëls en voorwaardes

(a) Kunsafdrukke word gratis aan goedgekeurde lede beskikbaar gestel.

(b) 'n Lid mag slegs twee afdrukke per keer leen.

(c) Die leentydperk vir kunsafdrukke is drie maande.

(d) By verstryking van die leentydperk in subitem (c) genoem, kan sodanige afdruk vir 'n verdere tydperk van een week aan sodanige lid geleen word.

(e) Indien 'n lid versuim om 'n kunsafdruk terug te besorg binne die tydperk waarvoor dit aan hom geleen is, moet hy 'n boete, soos van tyd tot tyd deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel, betaal vir elke week of gedeelte van 'n week

wat so 'n lid versuim om die afdruk terug te besorg.

(f) Van 'n lid word verwag om enige skade aan 'n kunsafdruk onmiddellik aan die bibliotekaris te rapporteer. 'n Lid word verantwoordelik gehou vir enige beskadiging van 'n kunsafdruk wat ontdek word wanneer die lid die afdruk terugbesorg. In geval van verlies of ernstige beskadiging bly die lid aanspreeklik vir die vergoeding van die kunsafdruk ooreenkomstig die prys van die kunsafdruk. Die kunsafdruk bly die eiendom van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens, of die raad, na gelang van die geval.

(g) Geen kunsafdrukke kan gereserveer word nie.

Aanbring van verordeninge in biblioteek

14. Die bibliotekaris plaas 'n afskrif van hierdie verordeninge op 'n prominente plek in die biblioteek en vestig die aandag van 'n persoon aan wie 'n bewys van lidmaatskap uitgereik word, daarop.

Oortredings

15. Enige persoon wat —

(a) tot ergernis van enige ander persoon in die biblioteek 'n hoorbare gesprek in enige gedeelte van die biblioteekgebou voer of daaraan deelneem; of

(b) enige ander persoon in die behoorlike gebruik van die biblioteek belemmer, verstoer, hinder of lastig val; of

(c) veroorsaak of toelaat dat enige dier onder sy toesig die biblioteek binnegaan of daar bly; of

(d) enige gedeelte van die biblioteekgebou of die inhoud daarvan beskadig; of

(e) 'n verkeerde naam of adres aan die bibliotekaris verstrek met die doel om enige gedeelte van die biblioteek binne te gaan of om enige voordeel of voorreg daaruit te verkry; of

(f) die biblioteek binnegaan of daar vertoef as sy liggaam of klere vuil is of terwyl hy aan enige aansteeklike of aanstootlike siekte ly of onder die invloed van bedwelmende drank is; of

(g) enige ander bepaling van hierdie verordeninge oortree,

is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand.

Herroeping van Verordeninge

16. Die Standaardbiblioteekverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 218 van 23 Maart 1966 en deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede aangeneem by Administrateurskennisgewing No. 994 van 7 Desember 1966 en wat ingevolge die bepalinge van artikel 159 bis(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge van die Stadsraad van Ellisras geword het, word hierby herroep.

J P W ERASMUS
Stadsklerk

Burgersentrum
Privaatsak X136
Ellisras
0555
10 Julie 1990
Kennisgewing No. 16/1990

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2656

TOWN COUNCIL OF ERMELO

AMENDMENT OF BY-LAWS

It is hereby notified in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that

the Council intends amending the following By-laws: By-laws Concerning the Hire of Halls.

The general purport of this notice is as follows: To make provision that the tariffs may be changed in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939.

Copies of these draft By-laws will be open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, G F Joubert Park, Ermelo, during normal office hours for a period of 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette namely 15 August 1990.

Any person who wishes to object to the amendments must lodge his objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 48
Ermelo
2350
Notice No. 53/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2656

STADSRAAD VAN ERMELO

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Raad van voornemens is om die volgende verordeninge te wysig: Verordeninge Betreffende die Huur van Sale.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is soos volg: Om voorsiening te maak dat die tariewe voortaan in terme van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gewysig kan word.

Afskrifte van hierdie konsepverordeninge lê ter insae by die Kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, G F Joubert Park, Ermelo, gedurende normale kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant naamlik 15 Augustus 1990.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 48
Ermelo
2350
Kennisgewing No. 53/1990

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2657

TOWN COUNCIL OF ERMELO

AMENDMENT OF THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

In terms of the provisions of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance 1939, it is hereby notified that the Ermelo Town Council has by special resolution amended the Charges For The Supply Of Electricity published under Municipal Notice Number 19 of 1980 dated 25 June 1980, as amended, as follows with effect

from 1 June 1990 in other words, all accounts rendered in June 1990:

1. By the substitution of the whole item 7 of Part II of the Schedule with the following new item 7:

"7. Tariff and Inspection of Installations

7.1 (a) All buildings, additions and alterations: R1,50 per m² with a minimum of R60,00.

(b) For the construction of fencing-walls: R30,00; provided that in cases where simultaneous inspections in terms of items 7(1)(a) and (b) are carried out, only the charges contained in this item 7(1)(a) shall be levied.

7.2 For each inspection after the work required in terms of Section 17(8) as a result of the non approval of an installation: R40,00 payable in advance."

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 48
Ermelo
2350
Notice No. 34/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2657

STADSRAAD VAN ERMELO

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

Ingevolge die bepalings van Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad van Ermelo by spesiale besluit die Tarief Van Gelde Vir Die Lewering Van Elektrisiteit afgekondig by Munisipale Kennisgewingnummer 19 van 1980 soos gewysig, verder soos volg gewysig het met ingang van 1 Junie 1990, met ander woorde alle rekenings gelewer in Junie 1990:

1. Deur item 7 van Deel II van die Bylae te skrap en met die volgende nuwe item 7 te vervang:

"7. Tarief en Inspeksie van Installasies

7.1 (a) Alle geboue, aanbouings en veranderinge: R1,50 per 10 m² met 'n minimum van R60,00.

(b) Vir die oprigting van omheiningmure: R30,00; met dien verstande dat in die geval waar gelyktydige inspeksies in terme van items 7(1)(a) en (b) uitgevoer word, slegs die gelde vervat in item 7(1)(b) gehel sal word.

7.2 Vir elke inspeksie na die werk wat ingevolge Artikel 17(8) vereis word as gevolg van die nie-goedkeuring van 'n installasie: R40,00 vooruitbetaalbaar."

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 48
Ermelo
2340
Kennisgewing No. 34/1990

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2658

TOWN COUNCIL OF FOCHVILLE

VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1987/1990

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the financial years 1987/90 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the Chairman of the Valuation Board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of the Ordinance.

J I CRONJE
Secretary: Valuation Board

Municipal Offices
Civic Centre
Fochville
2515
31 July 1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2658

STADSRAAD VAN FOCHVILLE

WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJARE 1987/1990

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die waarderingsglys vir die boekjare 1987/1990 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die Voorsitter van die Waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

J I CRONJE
Sekretaris: Waarderingsraad

Munisipale Kantore
Burgersentrum
Fochville
2515
Kennisgewing No. 33/15/8/1990
31 Julie 1990

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2659

TOWN COUNCIL OF WITBANK

NOTICE OF APPROVAL OF AMENDMENT OF WITBANK TOWN-PLANNING SCHEME 1/243

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, No. 15 of 1986, that the Town Council of Witbank has approved the amendment of the Witbank Town-planning Scheme 1, 1948, by the rezoning of Holding 50 (A Portion of Portion 30) Dixon Agricultural Holdings from Agriculture to Special for nursery and relevant purposes.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, 0001 and the Town Clerk, Witbank and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Witbank Amendment Scheme 1/243.

J.D.B. STEYN
Town Clerk

Administrative Centre
President Avenue
P.O. Box 3
Witbank
10135
Notice No. 68/1990
15 August 1990
H.08072
ken1243.del

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2659

STADSRAAD VAN WITBANK

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING
VAN WITBANK-WYSIGINGSKEMA 1/243

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 15 van 1986, bekend gemaak dat die Stadsraad van Witbank goedgekeur het dat die Witbank-dorpsaanlegskema 1, 1948, gewysig word deur die hersonering van Hoewe 50 ('n Gedeelte van Gedeelte 30), Dixon Landbouhoeves vanaf Landbou na Spesiaal vir kwekery en doeleindes in verbod daarmee.

Kaart 3 en die skemaklousules word in bewaring gehou deur die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, 0001 en die Stadsklerk, Witbank en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Witbank-wysigingskema 1/243.

J.D.B. STEYN
Stadsklerk

Administratiewe Sentrum
Presidentlaan
Posbus 3
Witbank
1035
Kennisgewing No. 88/1990
15 Augustus 1990
H08072
ken1243.del

15—22

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2660

VILLAGE COUNCIL OF GREYLINGSTAD

AMENDMENT OF TARIFFS

Notice is hereby given in terms of Section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) that the Council has by Special Resolution amended the water supply by-laws and the Sanitary and Refuse removal by-laws with effect from the 1st August 1990.

The general purpose of the amendments are the increase in tariffs.

Copies of the said resolution and particulars of the amendments are open for inspection at the office of the undersigned during normal office hours for a period of fourteen days from date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Written objections, if any must be lodged with the undersigned not later than 30th August 1990.

LE ROUX VERWEY
Town Clerk

Municipal Offices
P.O. Box 11
Greylingstad
2415
Notice No. 11/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2660

DORPSRAAD VAN GREYLINGSTAD

WYSIGING VAN TARIWE

Daar word hierby ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) bekendgemaak dat

die Raad by Spesiale Besluit die verordeninge met ingang van 1 Augustus 1990 gewysig het.

Die algemene strekking van die wysigings is die verhoging van gelde.

Afskrifte van genoemde besluit en besonderhede van die wysigings lê ter insae by die kantoor van die ondergetekende gedurende kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae met ingang van datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Skriftelike besware moet die ondergetekende bereik nie later as 30 Augustus 1990.

LE ROUX VERWEY
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 11
Greylingstad
2415
Kennisgewing No. 11/1990

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2661

TOWN COUNCIL OF GROBLERSDAL

AMENDMENT TO BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended that the council intends to amend the Standard Library By-laws in order to make provision to levy a deposit for membership.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, for a period of 14 days from the date of publication of this notice.

Any person who desires to object to the proposed amendments must do so in writing with the undersigned on or before 30th August 1990.

P.C.F. VAN ANTWERPEN
Town Clerk

Municipal Offices
Private Bag X668
Groblersdal
0470
15 August 1990
Notice No. 24/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2661

STADSRAAD VAN GROBLERSDAL

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van Ordonnansie 17 van 1939 soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om die Standaard Biblioteekverordeninge te wysig om voorsiening te maak vir die betaling van 'n deposito ten opsigte van lidmaatskap.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Enigiemand wat beswaar wil maak teen die voorgestelde wysiging, moet dit skriftelik by die ondergetekende indien voor of op 30 Augustus 1990.

P.C.F. VAN ANTWERPEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Privaatsak X668
Groblersdal
0470
Kennisgewing No. 24/1990

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2662

CITY OF GERMISTON

NOTICE OF CORRECTION

GERMISTON AMENDMENT SCHEME NO
242

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance 1986, that the City Council of Germiston has approved the Amendment of the Germiston Town-planning Scheme, 1985 by the rezoning of Erven 11 to 14, 16 to 18, 24 to 28, 31 to 42, 51, 52, 54 to 59, 61, 62, 64, 65, 70, 71, 76 to 83, 86, 87, 96, 99, 100, 107, 110 to 113, 115 to 129 and 132, Elandshaven Township from "Residential 1" with a density of "one dwelling per erf" to "Residential 1" with a density of "one dwelling per 400 m²".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria and the City Engineer, Germiston, 3rd Floor, Samie Building, c/o Queen and Spilsbury Street, Germiston and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Germiston Amendment Scheme No 242.

A W HEYNEKE
Town Secretary

Civic Centre
Cross Street
Germiston
Notice No. 111/1990

Mrs Buys/jsmvh

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2662

STAD GERMISTON

REGSTELLINGSKENNISGEWING

GERMISTON-WYSIGINGSKEMA NO 242

Daar word hiermee kennis gegee ingevolge Artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 dat die Stadsraad van Germiston die wysiging van die Germiston-dorpsbeplanningkema, 1985 goedgekeur het deur Erve 11 to 14, 16 tot 18, 24 tot 28, 31 tot 42, 51, 52, 54 tot 59, 61, 62, 64, 65, 70, 71, 76 tot 83, 86, 87, 96, 99, 100, 107, 110 tot 113, 115 tot 129 en 132, Dorp Elandshaven van "Residensieel 1" met 'n digtheid van "een woonhuis per erf" te hersoneer na "Residensieel 1" met 'n digtheid van "een woonhuis per 400 m²".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou by die Hoof van die Departement, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria en by die Stadsingenieur, Germiston, Derde Verdieping, Samie-gebou, hoek van Queen- en Spilsburystraat, Germiston en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston-wysigingskema No 242.

A W HEYNEKE
Stadsklerk

Burgersentrum
Cross-straat
Germiston
Kennisgewing No. 111/1990

Mev Buys/mdb/alg1

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2663

The Town Council of Hartbeespoort hereby gives notice in terms of Section 6(8)(a) of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance 20 of 1986), that an application to divide the land described hereunder has been received.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Marais Street, Schoemansville.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who wishes to make representations in regard thereto shall submit his objections or representations in writing and duplicate to the Town Clerk at the above address or at PO Box 976, Hartbeespoort, 0216, at any time within a period of 28 days from the date of the first publication of this notice.

Date of first publication: 15 August 1990.

Description of land: Portion 95 of the farm Hartbeespoort 482 J.Q. and the farm Glenogle 573 J.Q.

Land is divided in three portions namely:

- Portion A: 7,7723 ha
- Portion B: 55,2983 ha
- Portion C: 5,3347 ha

P G PRETORIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 976
Hartbeespoort
0216
Notice No. 20/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2663

Die Stadsraad van Hartbeespoort gee hiermee ingevolge Artikel 6(8)(a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie 20 van 1986), kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Verdere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Maraisstraat, Schoemansville.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of verhoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of verhoë skriftelik en in tweevoud by die Stadsklerk by bogenoemde adres of by Posbus 976, Hartbeespoort, 0216, te enige tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing, indien.

Datum van eerste publikasie: 15 Augustus 1990.

Beskrywing van grond: Gedeelte 95 van die plaas Hartbeespoort 482 J.Q. en die plaas Glenogle 573 J.Q. word verdeel in drie gedeeltes, te wete

- Gedeelte A: 7,7723 ha
- Gedeelte B: 55,2983 ha
- Gedeelte C: 5,3347 ha

P G PRETORIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 976
Hartbeespoort
0216
Kennisgewing No. 20/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2664

CITY OF JOHANNESBURG

PUTCO BUS STOP IN EMPIRE ROAD BETWEEN HILLSIDE ROAD AND JOUBERT STREET EXTENSION

Notice is hereby given in terms of Section 65 bis of the Local Government Ordinance, 1939, that on 9 July 1990 the Council's Management Committee resolved that a bus stop in Empire Road between Hillside Road and Joubert Street Extension be established on both sides of the road.

The Management Committee's resolution will be open for inspection during office hours at Room S211, Civic Centre, Braamfontein until 6 September 1990.

Any person who objects to the establishment of the bus stop must lodge his objection in writing with the undersigned not later than 6 September 1990.

H.H.S. VENTER
Town Clerk

15 August 1990
Civic Centre
P.O. Box 1049
Johannesburg
2000

(83/5)
(4711q)
(UB)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2664

STAD JOHANNESBURG

PUTCO-BUSHALTE IN EMPIREWEG, TUSSEN HILLSIDEWEG EN JOUBERTSTRAAT-VERLENGING

Daar word hierby ingevolge artikel 65 bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Raad se Bestuurskomitee op 9 Julie 1990 besluit het dat 'n bushalte in Empireweg tussen Hillsideweg en Joubertstraat-verlenging aan weerskante van die pad aangebring word.

Die Bestuurskomitee se besluit is tot 6 September 1990 gedurende kantoorure ter insae in Kamer S211, Burgersentrum, Braamfontein.

Enigeen wat teen die bushalte beswaar wil aanteken, moet sy beswaar teen uiters 6 September 1990 skriftelik by ondergetekende indien.

H.H.S. VENTER
Stadsklerk

15 Augustus 1990
Burgersentrum
Posbus 1049
Johannesburg
2000

(83/5)
(4711q)
(UB)

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2665

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME, 1979

(AMENDMENT SCHEME 2900)

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of Section 28(1)(a) read with Section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance 1986 (Ordinance 15 of

1986) that a draft Town-planning Scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 2900 has been prepared by it.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposals:

To rezone Portion 1 of Erf 454 Newtown from Industrial 1 to General (excluding industrial uses as a primary right but facilitating them with consent).

The effect is to increase the overall development potential of the site.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 15 August 1990.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017 within a period of 28 days from 15 August 1990.

H.T. VEALE
City Secretary

Civic Centre
Braamfontein
Johannesburg
15 August 1990
4632q/AE

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2665

STAD JOHANNESBURG

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979

(WYSIGINGSKEMA 2900)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28(1)(a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, (Ordonnansie 15 van 1986) kennis, dat hy 'n ontwerp dorpsbeplanning-skema, wat as Johannesburgse Wysigingskema 2900, bekend sal staan, opgestel het.

Hierdie skema sal 'n Wysigingskema wees en bevat die volgende voorstelle:

Om Gedeelte 1 van erf 454, Newtown, van Nywerheid 1 na Algemeen (nywerheidsgebruik as 'n primêre reg uitgesluit maar toelaatbaar met toestemming), te hersoneer.

Die uitwerking daarvan is om die algehele ontwikkelingspotensiaal van die terrein te verhoog.

Die ontwerp skema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Augustus 1990 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Beplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Kamer 760, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Augustus 1990 skriftelik aan die Stadsklerk by bogenoemde adres of Posbus 30733, Braamfontein, 2017 gerig of by hom ingedien word.

H.T. VEALE
Stadsekretaris

Burgersentrum
Braamfontein
Johannesburg
15 Augustus 1990
4632q/AE

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2666

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME, 1979

(AMENDMENT SCHEME 2552)

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of Section 28(1)(a) read with Section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance 1986 (Ordinance 15 of 1986) that a draft Town-planning Scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 2552 has been prepared by it.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposals:

To rezone Portion 1 of Erven 88 and 89, Portion 606 of Erf 459 and Portion 338 of Erf 461 Westbury Extension 3 from Residential 1 to Existing Public Road.

The effect is for the sites to be used for Public Road.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 15 August 1990.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein within a period of 28 days from 15 August 1990.

H.T. VEALE
City Secretary

15 August 1990
Civic Centre
Braamfontein
Johannesburg
(W19/88 (Ptn 1))
(4642q)
RN/NN

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2666

STAD JOHANNESBURG

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979

(WYSIGINGSKEMA 2552)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby, ingevolge artikel 28(1)(a) gelees tesame met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kennis dat hy 'n ontwerp dorpsbeplanningskema wat as Johannesburgse Wysigingskema 2552 bekend sal staan, opgestel het.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en dit bevat die volgende voorstelle:

Om Gedeelte 1 van erwe 88 en 89, Gedeelte 606 van erf 459 en Gedeelte 338 van erf 461, Westbury Uitbreiding 3, van Residensiële 1 na Bestaande Openbare Pad te hersoneer.

Die uitwerking daarvan sal wees dat die terrein vir 'n Openbare Pad gebruik kan word.

Die ontwerp skema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Augustus 1990 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Beplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Kamer 760, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of vertoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Augustus 1990 skriftelik by die Stadsklerk by bogenoemde adres ingedien word of aan hom by Posbus 30733, Braamfontein, gerig word.

H.T. VEALE
Stadsekretaris

15 Augustus 1990
Burgersentrum
Braamfontein
Johannesburg
(W19/88 (Ged. 1))
(4642q)
RN/NN

15—22

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2667

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2686

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erven 1316 and 1317 Parkhurst to Residential 1 permitting shops as a primary right and business uses with consent — subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2686, and will commence on 9 October 1990.

H H S VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2667

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2686

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur Erwe 1316 en 1317 Parkhurst te hersoneer na Residensiële 1 om winkels as 'n primêre reg en besigheidsdoeleindes met vergunning toe te laat — onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2686, en sal in werking tree op 9 Oktober 1990.

H H S VENTER
Stadsklerk

15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2668

SCHEDULE 14

(REGULATION 24)

NOTICE OF APPLICATION FOR EXTENSION OF BOUNDARIES OF *APPROVED TOWNSHIP/TOWNSHIP ESTABLISHED BY LOCAL AUTHORITY

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 69(6)(a) read in conjunction with section 88(2) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that application has been made by Mr H.P. Roos of Peter Roos Land Developments CC to extend the boundaries of the township known as Regents Park Extension 4 to include Holding 9 of the farm Klipriviersberg Estate Small Holdings.

The site is bounded by Regents Park Extension 4 in the south, Marjory Street in the east, Mathers Road in the north and Rosetta Street in the west and is to be used for Commercial and transport business purposes.

The application together with the plans, documents and information concerned, will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Director: Planning, Room 760, 7th Floor, Civic Centre, Braamfontein for a period of 28 days from 15 August 1990 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing in duplicate to the Town Clerk, c/o Director: Planning at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017 within a period of 28 days from 15 August 1990 (the date of first publication of this notice).

H.T. VEALE
City Secretary

Civic Centre
Braamfontein
P.O. Box 1049
Johannesburg
4633q
eb
(71/3/128)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2668

BYLAE 14

(REGULASIE 24)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM UITBREIDING VAN GRENSE VAN *GOEDGEKEURDE DORP/DORP DEUR PLAASLIKE BESTUUR GESTIG

Die Stadsraad van Johannesburg gee hiermee ingevolge artikel 69(6), saamgelees met artikel 88(2) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat mnr. H.P. Roos van Peter Roos Land Development BK aansoek gedoen het om die grense van die dorpsgebied bekend as Regentspark Uitbreiding 4 uit te brei om Landbouhoeve 9 van die plaas Klipriviersberg Estate Landbouhoeves, in te sluit.

Die terrein word deur Regentspark Uitbreiding 4 in die suide, Marjoriestraat, in die ooste, Mathersweg in die noorde en Rosettastraat in die weste begrens en sal vir kommersiële doeleindes en 'n vervoersaak gebruik word.

Die aansoek, tesame met die betrokke planne, dokumente en inligting lê vir 'n tydperk van

28 dae vanaf 15 Augustus 1990 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing) gedurende kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Die Direkteur: Beplanning, Kamer 760, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein.

Besware teen of vertoë in verband met die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Augustus 1990 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing) skriftelik in duplikaat aan die Stadsklerk, p.a. Die Direkteur: Beplanning, by die bovermelde adres of aan Posbus 30733, Braamfontein, 2017, gerig word.

H.T. VEALE
Stadsekretaris

Burgersentrum
Braamfontein
Posbus 1049
Johannesburg
2000
(71/3/128)
4633q
eb

15—22

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2669

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE IN TERMS OF SECTION 20(6) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986

In terms of Section 20(6) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, notice is hereby given that the City Council of Johannesburg intends to lease Council land Part of Portion 266 of the Farm Braamfontein 53 I.R., Part of Portion 29 of the Farm Emmarentia, Erf 975 Melville and Portion of Erf 213 Westcliff Extension 1 for Private Parking purposes.

The area is situated between Hill, Rustenburg and Carlow Roads and Barry Hertzog Avenue.

Plans may be inspected or particulars of this application may be obtained during normal office hours at the Planning Department, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Any person having any objection to the approval of this application must lodge such objection, together with grounds thereof, with the Director: Planning at the abovementioned address, or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017 not later than 19 September 1990.

H.H.S. VENTER
Town Clerk

15 August 1990
P.O. Box 1049
Johannesburg
2000
(324/4/167/1)
4676q
mn

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2669

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 20(6) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 20(6) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat die Stadsraad van Johannesburg voornemens is om raadsgrond, naamlik deel van Gedeelte 266 van die plaas Braamfontein 53 I.R., deel van Gedeelte 29 van die plaas Emmarentia, erf 975, Melville en gedeelte van erf 213, Westcliff Uitbreiding 1 vir privaat parkeerdoeleindes te verhuur.

